



BIBLIOTEK- EN
INLIGTINGSDIENS
JAARVERSLAG
2018

100



INHOUDSOPGAWWE

1	INLEIDING	4
2	HOOGTEPUNTE VAN 2018	8
3	ONS STRATEGIESE PRIORITEITE	
	3.1 Ultramodeme ruimtes en tegnologieë	10
	3.2 Vaardige, diverse, aanpasbare en betrokke personeel	13
	3.3 Beskikbaarheid, volhoubaarheid en opspoorbaarheid van inligtingshulpbronne	14
	3.4 Wêreldklas-, diverse, innoverende en kliëntgerigte dienste	18
	3.5 Samewerkingsverhoudings met belanghebbendes	27
4	ANDER AKTIWITEITE	28
5	SLOTOPMERKINGS	32

01

INLEIDING

Die jaar 2018 was 'n betekenisvolle een in die geskiedenis van die Universiteit Stellenbosch (US) omdat die instelling sy Eeufees gevier het. Nes die Universiteit, het die Biblioteek- en Inligtingsdiens óók oor 100 jaar van leer, groei en saam vorentoe beweeg besin.

Toe Victoria Kollege 'n eeu gelede amptelik die US geword het, het die instelling reeds 'n volwaardige biblioteekdiens gehad, wat in die CL Marais-gebou geleë was. Die biblioteek van 1918, wat in 1895 as 'n leeskamer begin het, het oor 'n formele stel regulasies, 'n amptelik aangestelde bibliotekaris en 'n biblioteekadvieskomitee van vyf uitgelese professore beskik.



CL Marais Biblioteek

Tien jaar later, in 1928, het 'n universiteitskommissie die biblioteek as rolmodel en inspirasie vir ander instellings geloof. In hierdie stadium het die biblioteek ook 'n gekwalifiseerde hoofbibliotekaris aangestel, wat later die eerste Suid-Afrikaner sou word om 'n graad in biblioteekkunde in die Verenigde State te verwerf.

Oor die volgende dekades het die biblioteek aanhou groei, die akademiese gemeenskap gedien en op die destydse behoeftes gereageer. Teen die 1970's het die biblioteek, toe in die Carnegie-gebou, 'n wye verskeidenheid dienste en versamelings gebied. Dít het ingesluit spesiale versamelings, 'n restourasielaboratorium, 'n interbiblioteekleningsdiens, naslaandienste, en 'n indrukwekkende tydskrifversameling kompleet met belangrike kontemporêre tydskrifindekse om navorsers nuwe inligting te help opspoor.



Carnegie Biblioteek

Teen die tyd wat die biblioteek in die 1980's na sy huidige ligging verskuif het, het die bekendstelling van persoonlike rekenaars reeds snelle verandering in die akademiese wêreld aan die gang gesit. Wéér het die biblioteek tred gehou met ontwikkelings en een van die eerstes in Suid-Afrika geword om biblioteekoutomatisering te implementeer.

Die jaar 2018 was dus duidelik 'n ewe beduidende jaar vir die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens ("die Biblioteek") omdat dit ons die geleentheid gebied het om meer as 'n eeu se prestasies as die "enjinkamer" van die Universiteit te vier. Ons het die geleentheid verwelkom om terug te kyk op 100 jaar se voortgesette werk om nie net ons akademiese gemeenskap te dien nie, maar ook 'n impak op die groter biblioteek- en inligtingsdienslandskap te hê. Hier is 'n paar van die prestasies waarvoor ons besin het:



Universiteit Stellenbosch Biblioteek

HERINRICHTING VAN BIBLIOTEEKRUIMTES

Ons het 'n hele aantal opwindende mylpale in hierdie verband bereik waardeur ons leer, onderrig en navorsing aan die US help ondersteun, die kennisbasis verbreed en studentesukses vergroot het.

Ons Leersentrum – 'n vlagskip-inisiatief van die HOOP Projek – het byvoorbeeld in 2010 sy deure geopen. Die interaktiewe leeromgewings, toerusting en fasiliteite van dié sentrum ondersteun sedertdien inligtingsgeletterdheidsopleiding vir voorgraadse studente. Magister- en doktorsale studente, akademiëci en navorsers het ook hulle eie toegewyde ruimte ontvang toe ons 'n jaar later die hipermoderne Carnegie-navorsingsentrum open. Die fasiliteit moedig vakkundige gesprek, selfstudie en navorsingsteun aan.

In Julie 2012 het ons 'n lewendige nuwe biblioteekruimte vir Ingenieurswese- en Bosboustudente by die Fakulteit Ingenieurswese bekend gestel. Dit ondersteun die Universiteit se doel om meer Ingenieurswesestudente in te neem en hulle 'n moderne, ultrategnologiese leeromgewing te bied.

Ons het in 2017 aan fase 2 van die opknapping van die US Biblioteek begin beplan. Werk sal insluit die skep van 'n nuwe ingang, sirkulasie- en sekuriteitsareas, kantore, rekenaarwerkareas vir studente, 'n ruimte vir samewerkende leer, 'n koffiewegbreekarea sowel as verbetering aan die area buite die ingang. Dié opknapping, wat in 2019 'n aanvang sal neem, sal ons in 'n volwaardige 21ste-eeuse hoërsonderwysbiblioteek omskep.

Die pas opgeknapte Geneeskunde- en Gesondheidswetenskappebiblioteek (GGWB) het in 2018 sy gebruikers terugverwelkom. Hulle geniet nou toegang tot die voorste tegnologie, 'n navorsingsentrum, 'n sentrale dienspunt, omgewings vir individuele leer, verskillende sitareas sowel as kuieromgewings. Ons het ook in 2018 die heringerigte, opgeknapte biblioteek op Bellvilleparkkampus voltooi. Met twee nuwe kantore vir fakulteitsbibliotekarisse, 'n nuwe personeelkamer, mobiele rakke, studeerhokkies en verskeie ruimtes met gemaklike sitplek bevorder die fasiliteit nou navorsingsteun en nagraadse studentesukses op hierdie US-satellietkampus.

DIGITALE AKADEMIESKAP

Ons is sedert 2008 aan die voorpunt van digitale akademieskap en het etlike ooptoegangsinisiatiewe geïmplementeer. Dít sluit in die institusionele bewaarplek (SUNScholar) (2008), 'n ooptoegangplatform vir elektroniese vaktydskrifte (SUNJournals) (2011), en 'n ooptoegangsbewaarplek vir digitale erfenis (SUNDigital Collections) (2013). Die US Raad het ook in 2014 'n selfargiveringsbeleid vir die Universiteit aanvaar, wat die Biblioteek vervolgens geïmplementeer het om oop toegang verder te ondersteun.

Ons was ook in 2008 die eerste universiteit in Suid-Afrika om die elektroniese indiening van tesse en verhandelings te implementeer. Dit het in samewerking met die Registrateur en die afdeling Informasietegnologie gebeur. Sedertdien word alle US-tesse en -verhandelings slegs in elektroniese formaat ingedien.

Verdere bewys van ons toewyding aan oop toegang sluit in die stigting van die Ooptoegangpublikasiefonds in 2009, sowel as die ooptoegangseminaar wat ons in 2010 aangebied het. By laasgenoemde geleentheid het die US die eerste Afrika-universiteit geword om die Berlynverklaring oor Oop Toegang tot Kennis in die Natuur- en Geesteswetenskappe te onderteken. Ons het ook in 2012 die Berlynse Ooptoegangskonferensie aangebied, wat die ontwikkelende wêreld, en veral Afrika, die middelpunt van wêreldwye kennisproduksie en die uitruiling van vakkundige inhoud gemaak het.

Sedertdien het ons selfs verder gevorder wat digitale akademieskap betref: Die implementering van ons navorsingsdatadiens en 'n navorsingsdatabewaarplek was in 2018 reeds fluks aan die gang. Ons het boonop ons moontlike rol in die digitale geesteswetenskappe begin ondersoek.



| 274 096
BESOEKE
IN 2018

INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIE- EN TEGNOLOGIE (IKT)

Tegnologiese vooruitgang het die Biblioteek die afgelope 30 jaar getransformeer. So byvoorbeeld is vakkundige inligting gedigitaliseer, biblioteekruimtes meer tegnologievriendelik gemaak, en waardevolle IKT-gebaseerde dienste vir personeellede en studente geskep.

Die US was tussen 1986 en 1997 'n leier in die gesamentlike ontwikkeling van 'n MARC- ("machine-readable cataloguing"-) gebaseerde akademiese biblioteekstelsel vir Suid-Afrika om sekere biblioteekfunksies te help outomatiseer. Ons het mettertyd die biblioteek katalogus in elektroniese formaat omskep en, benevens papierhulpbronne, ook inligtingshulpbronne op laserskyf begin aanskak. Voorts het ons die eerste kommersieel verkrygbare rekenaars in ons biblioteekruimtes bekend gestel, waarmee ons kliënte aanlyn databasisse kon deursoek.

In die tydperk 1998–2007 is digitale funksionaliteite teen 'n snelle pas by ons dienste ingesluit. Die aanvang van die wêreldwye web het ons die geleentheid gebied om 'n eerste webtuiste vir die Biblioteek te skep, wat ook destyds 'n eerste vir die US was. Ons het die terminaalgebaseerde biblioteekstelsel met 'n ten volle geïntegreerde grafiese gebruikeroppervlakstelsel vervang wat ons by 'n internasionale verskaffer gekoop het. Verder het ons die voortou geneem met die implementering van 'n geïntegreerde biblioteekbestuurstelsel, wat ons met ander Wes-Kaapse akademiese instellings gedeel het. Kort nadat die stelsel in Januarie 2000 in werking gestel is, het ons metasoek- en artikelkoppelfunksies begin bekend stel. Sodoende kon ons kliënte met behulp van ons webtuiste en soekplatforms verskillende voltekst-databasisse intyds deursoek.

Ons het 'n diens geïmplementeer om studente tuistoegang tot aanlyn vakkundige databasisse te gee. Dit het nie net in die behoeftes van 'n al hoe groter studentegemeenskap voorsien nie, maar ook gesorg dat gebruikers van buite ons geboue en kampusnetwerke toegang tot die digitale biblioteekversameling sou hê. Die Biblioteek het ook heelwat van sy funksies geoutomatiseer, waaronder selfuitneemstelsels vir boeksirkulasie, en sy eerste koordlose netwerke geïnstalleer om vir studente met mobiele toestelle voorsiening te maak. Sodoende kon studente vir die eerste keer hulle persoonlike toestelle op enige plek en tyd gebruik om toegang te bekom tot die Biblioteek se volle boek- en tydskrifversamelings, waarvan 'n groot gedeelte slegs in digitale vorm beskikbaar was.

In 2017 het ons die biblioteekbestuurstelsel verder gemoderniseer toe ons na 'n wolkstelsel migreer – nóg 'n eerste vir die US. Daarmee het ons voorberei om ons bibliografiese katalogus na die semantiese web uit te brei met gekoppelde data en konstante identifikasienommers.

INLIGTINGSGELETERDHEID EN E-LEER

Ons bydrae tot US-studente se inligtingsgeleterdheidsvaardighede het oor die jare aansienlik toegeneem. Ons het help skryf aan die *Hersiene riglyne vir die integrasie van inligtingsgeleterdheid in alle voorgraadse leer- en onderrigprogramme*, wat die US se Akademiese Beplanningskomitee in 2004 goedgekeur het.

Sedertdien het ons inligtingsgeleterdheidsaanbod gegroei van blote biblioteekopvoeding tot groepdemonstrasies van databasisgebruik. Gou het ons die waarde van groeponderrig vir spesifieke vakke of opdragte besef. Gevolglik het ons dosente oorreed om een klasperiode vir dié doel opsy te sit, wat alle

geregistreeerde studente in 'n module moes bywoon. Ons het in 2006 begin deur 5 771 studente in 226 groepe op te lei.

Om hierdie werk op lang termyn volhoubaar te maak, het ons intussen ons aanbod na kurrikulumgeïntegreerde inligtingsgeleterdheidsopleiding uitgebrei. Eerstejaars in alle fakulteite kan sedert 2014 kies om vir kredietdraende modules in te skryf wat inligtingsgeleterdheid by die kurrikulum integreer en as deel daarvan assesseer. Sodoende het ons in 2018 altesaam 20 491 studente in 343 groepe opgelei.

VERSAMELINGS

'n Belangrike bydraer tot die Universiteit se navorsingsuitset en reputasie as 'n instelling van navorsingsuitnemendheid, sowel plaaslik as internasionaal, is die hulpbronne van gehalte wat die Biblioteek beskikbaar stel. Van 'n skamele boekrak teen die einde van die 19de eeu het ons versameling teen 1945 tot 95 167 aange groei, en deesdae bestaan dit uit sowat 1,2 miljoen fisiese bande. Die klem het die afgelope 20 jaar hoofsaaklik na elektroniese hulpbronne verskuif, wat tans 90% van ons inligtingshulpbronnegroting uitmaak. Ons bied deesdae voltekstoegang tot 258 125 elektroniese vaktydskrifte, wat die 6 500 vaktydskrifte waarop ons in 1995 ingeteken was behoortlik in die skadu stel.

VENNOOTSAPPE

Die US-bestuur het in 2010 'n ooreenkoms met die uitgewer Elsevier onderteken. Die ooreenkoms het die Universiteit toegang

gebied tot hulpbronne en kundigheid om jong navorsers te ondersteun, internasionale samewerking te verhoog en toegang tot hulpbronne te vergroot. Die enigste ander instelling wat destyds 'n soortgelyke ooreenkoms met Elsevier gehad het, was die Universiteit van Aberdeen, Verenigde Koninkryk. Die US/Elsevier-vennootskap het ons toegang gegee tot die Elsevier-tydskrifargiewe, wat ons op gelyke voet met die wêreld se toonaangewende universiteite geplaas het. Ons het ook vir 'n jaar toegang ontvang tot alle Elsevier- elektroniese boeke, wat ons andersins \$1,3 miljoen uit die sak sou jaag. Die verskillende plaaslike opleiding- en ontwikkelingsessies wat ons in 2011 deur die vennootskap aangebied het, het die Universiteit broodnodige steun en vaardighede op die gebied van inligtingsgeleterdheid, navorsing en outeurskap gebied.

Die US het ook in 2010 baat gevind by 'n 36 maande lange toekenning van \$2 500 000 van die Carnegie-korporasie van New York. Die finansiering was vir die tweede fase van 'n projek om 'n nuwe model vir akademiese biblioteke in Suid-Afrika te skep om hulle onderskeie akademiese gemeenskappe van navorsingsteun te voorsien. Die US het saam met die universiteite van Kaapstad, KwaZulu-Natal, Witwatersrand, Rhodes en Pretoria deelgeneem. Die projek het uit drie onderafdelings bestaan, naamlik "Die bou van 'n navorsingsentrum", "Die ontwikkeling van biblioteekvaardighede om navorsers te ondersteun" en "Die navorsingsportaal: 'n hulpbron vir inligtingsopsporing". Ons deelname het ons pogings om die US 'n wêreldklasnavorsingsuniversiteit te help maak 'n beduidende hupstoot gegee.



100
PERSONEELLEDE



20 491
STUDENTE
OPGELEI, IN
343 GROEPE



02

HOOGTEPUNTE VAN 2018

- As die Biblioteek se bydrae tot die Eufeesvieringe, het ons op 27 Julie 'n **Eufeesuitstalling** in die US Biblioteek geopen en dieselfde dag 'n skemerkelkonthaal vir 95 van ons huidige en afgetrede personeellede aangebied. Die foto-uitstalling het 'n blik gebied op die US se verlede en hede onder die temas "Biblioteekdiens – toe en nou", "Die studenteleeu – die gees van die tye" en "Matiessport – kampioene toe en nou". Ons het die foto's uit verskillende versamelings en publikasies bekom.
- Die opening van die heringerigte **Geneeskunde- en Gesondheidswetenskappebiblioteek (GGWB)** op Tygerbergkampus het vir groot opwinding gesorg. Die algehele opknapping het deel uitgemaak van die US se Kampusvernuwingsplan. Die fasiliteit is nou eietyds, verwelkomend en bevorderlik vir leer en navorsing, en is op 22 Mei amptelik deur die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, geopen. Die nuwe GGWB sluit in:



- » 68 rekenaars met die jongste sagteware op 'n hoëspoed-netwerk, wat deur die hele biblioteek versprei is;
- » 'n selfuitneemstelsel sodat gebruikers self boeke kan uitreik en terugbesorg;
- » 'n ultramoderne Digitale Sentrum en e-klaskamer met 38 rekenaars vir groep- sowel as individuele leer;
- » ses studeerhokkies met gemaklike sitplek en kragpunte;
- » nege seminaarkamers met gepaste toerusting;
- » 'n Navorsingsentrum vir nagraadse studente en personeellede se uitsluitlike gebruik;
- » 'n moderne videokonferensielokaal;
- » verskeie informele sitareas; en
- » skootrekenaargebruikerareas om studie en leer op Tygerbergkampus te ondersteun.

In die GGWB-binnenhof staan 'n Outeniekwageelhoutboom, wat as metafoer dien vir die verskillende vertakkings van

menslike kennis. Vakkundiges het in die Middeleeue reeds 'n boomdiagram gebruik om inligting en konsepte in die filosofie, geneeskunde en op ander vakgebiede te visualiseer en organiseer. Daardie tradisie duur vandag nog voort.

- Die Biblioteek het op 2 Maart sy **jaarlikse Dokumentesentrumlesing** gedurende die Woordfees aangebied. Die bekende US-geskiedkundige prof Albert Grundlingh het vanjaar oor die tema "n Eeu in perspektief" gesels. Hy het beslissende oomblikke en historiese gebeure gedurende die Universiteit se eerste 100 jaar uitgelig.
- Die **sesde Biblioteeknavorsingsweek** met die tema "Navorsing in aksie" het van 30 Julie tot 3 Augustus plaasgevind. Prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, het die verrigtinge amptelik geopen. Die gasspreker by die openingsgeleentheid, prof Jonathan Jansen, het 'n insiggewende lesing oor "Navorsing as 'n intellektuele aktiwiteit – die etiek en politiek van die gejaag na navorsingsuitsette" gelewer. Hy het ook 'n paneelbespreking oor die hoogte- en laagtepunte van 100 jaar se navorsing aan die US gelei.

- Ons het die platform van Navorsingsweek gebruik om **ons digitale Marloth-versameling amptelik bekend te stel**. Rudolf Marloth het veral bekendheid verwerf vir sy meesterstuk *The Flora of South Africa*, wat hy tussen 1912 en 1932 saam met botaniese illustreerders soos Ethel May Dixie en Esther Smith saamgestel het. Die Marloth-familie het die oorspronklike illustrasies en drukkersplate sowel as handgeskrewe aantekeninge aan die Universiteit geskenk. Hierdie kosbare versameling word nou in ons SUNDigital Collections bewaar. Sprekers by die bekendstelling het die plantkundige dr Piet Vorster, botaniese kunstenaar Vicki Thomas en evolusionêre ekoloog prof Anton Pauw ingesluit.



- Ons het van 15 tot 16 November meer as 160 afgevaardigdes van sewe lande by ons **15^{de} US Biblioteeksimposium** by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) verwelkom. Die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het die program amptelik geopen. Die simposium het die tema "Slimmer biblioteke: Die gebruikerervaring in aksie" ondersoek. Die begrip "gebruikerervaring" ("user experience", oftewel "UX") bevorder die gedagte dat die gebruiker die kernoorweging in produk- en diensontwerp behoort te wees.

- 'n Spesiale projek deur die Biblioteek en die US se Departement Visuele Kunste het uitgeloop op **Africa Imagined | Africa Explored**, 'n handgebinde publikasie met kaarte uit die historiese Africana-kaartversameling van Hugh Solomon in ons Afdeling Spesiale Versamelings. Die boek vier die navorsing-sowel as die skoonheidswaarde van die kaarte. Die twee dele van die bundel bevat onderskeidelik inligting oor die Hugh Solomon-kaartversameling, en uitvoerige afbeeldings en beskrywings van 20 van die belangrikste kaarte.

- Ons spesiale versamelings was steeds 'n **waardevolle hulpbron vir navorsing**. Die verskillende versamelings van die Dokumentesentrum en die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) het in 2018 as grondslag vir 15 navorsingsuitsette gedien. Dit het die volgende ingesluit:

Boeke

- » Dreyer, Léanne et al. *A particular frame of mind: Faculty of Science, Stellenbosch University 1918-2018*.
- » Giliomee, Hermann. *Always been here: the story of a Stellenbosch community*.
- » Grundlingh, AM, Oosthuizen, Hans & Delpport, Marietjie (reds.). *Stellenbosch University 100: 1918-2018*.
- » Verwoerd, Wilhelm J. *Verwoerd aan die woord II: die laaste vier jaar*.
- » Roos, Hilde. *The La Traviata affair: opera in the age of apartheid*.

Tesise en verhandelings

- » Stofberg, Rolene. *Anton Goosen se bydrae tot die Afrikaanse luisterliedjie*.
- » Van Tonder, Ernst. *A case study of orchestration techniques in Primavera by Arnold van Wyk*.
- » Walters, Handri. *Tracing objects of measurement: locating intersections of race, science and politics at Stellenbosch University*.



03

ONS STRATEGIESE PRIORITEITE

3.1 ULTRAMODERNE RUITES EN TEGNOLOGIEË

Een van ons strategiese doelwitte is om ultramoderne ruimtes en tegnologieë te voorsien en in stand te hou wat diverse gebruikers kennis help skep en ontdek.

In dié verband werk ons sy aan sy met Fasiliteitsbestuur en die aangestelde argitektoe om **die opknapping van die US Biblioteek** te beplan en te ontwerp. Werk sal insluit die skep van 'n nuwe ingang, sirkulasie- en sekuriteitsareas, rekenaarwerkareas vir studente, 'n ruimte vir samewerkende leer sowel as 'n koffiewegbreekarea. Ons het teen die einde van 2018 ver genoeg gevorder om met hoëvlakbegroting te begin. Bouwerk sal in 2019 'n aanvang neem.

Gedurende die eerste semester van 2018 kon ons ook uiteindelik die heringerigte **Geneeskunde- en Gesondheidswetenskappebiblioteek (GGWB)** op Tygerbergkampus open. Dié omvattende opknapping was deel van die US Kampusvernuwingsplan. Die GGWB-gang is nou 'n aantrekklike, lewendige ruimte, en 'n loopvlak bied maklike toegang tot die biblioteek. Die fasiliteit spog met 68 rekenaars met die jongste sagteware op 'n hoëspoednetwerk, wat deur die hele biblioteek versprei is, met agt rekenaars in die sitarea. Met die innoverende nuwe selfuitneemstelsel kan gebruikers self boeke uitrek en terugbesorg. Verskeie informele sitareas sowel as skootrekenaargebruikerareas ondersteun studie en leer op Tygerbergkampus.


Die ultramoderne Digitale Sentrum en e-klaskamer bied studente 'n groep- of individuele leerruimte met 38 rekenaars. Nege goed toegeruste seminaarkamers van verskillende groottes is ideaal vir groepbesprekings, vergaderings, groepleer of samewerkingsessies. Die toerusting in hierdie kamers strek van laastasies tot skerms en witborde, wat alles samewerking, gesprekvoering en skakeling as deel van studenteleer bevorder.

Die Navorsingsentrum is nagraadse studente en personeellede se toegewyde ruimte. Fasiliteite hier sluit 'n seminaarkamer en 'n gespesialiseerde videokonferensielokaal in. Laasgenoemde is veral gewild by navorsers, studente op die Ukwandalandelike opleidingsplatform, en US-sentrums soos die Afrikakankerinstituut en die Desmond Tutu TB-sentrum.

STUDENTE HET DIE VOLGENDE OOR DIE NUWE GENEESKUNDE- EN GESONDHEIDSWETENSKAPPEBIBLIOTEEK TE SÊ GEHAD:

“Toe ek die eerste keer hoor dat die biblioteek opgeknip sou word, het ek gedink hulle sal dit net 'n vars laag verf en 'n paar nuwe stoele gee ... maar toe ek hierdie nuwe ruimte die eerste keer beleef, het dit gevoel of ek in 'n heel nuwe wêreld is! Ek kon nie my oë glo nie.”

“Die nuwe biblioteek lyk nie net modern nie, maar voel soos 'n ruimte vol suksesverhale wat wag om te gebeur. Dankie aan almal wat hierdie plek vir ons help inrig het.”



Geneeskunde- en Gesondheidswetenskappebiblioteek – 'n fotobeeld



Die opgeknapte **biblioteek op Bellvilleparkkampus** is ook sedert Desember 2018 ruimer, helderder en meer verwelkomend. Werk aan die fasiliteit het nuwe inligtingsborde, 'n herontwerpte ontvangs-/inligtingstoonbank, twee kantore vir die fakulteitsbibliotekaris en 'n nuwe personeelkamer ingesluit. Al die boekrakke is mobiel sodat die beskikbare ruimte op verskillende maniere benut kan word. Verskeie gemaklike sitareas en studeerhokkies werk navorsing, studie en samewerking in die hand.



Die **Teologiebiblioteek** is volgende aan die beurt vir 'n opknapping, en beplanning het reeds begin. Die doel is om 'n moderne, toekomsgerigte ruimte te skep wat alle studierigtings in die Fakulteit Teologie insluit en verteenwoordig, en wat oor die tegnologie beskik om moeitelose aanlyn toegang tot hulpbronne van gehalte te verseker. Ons wil graag aantreklike dog praktiese ruimtes skep en die biblioteek se tegnologie vernuwe om studentesukses te ondersteun, Teologie se navorsingsuitset te verhoog en sosiale skakeling te bevorder.

3.2 VAARDIGE, DIVERSE, AAN-PASBARE EN BETROKKE PERSONEEL

Die Biblioteek het teen die einde van 2018 altesaam 100 personeellede gehad, van wie 95 voltydse en vyf deeltydse aanstellings was, sowel as 44 studenteassistentente.

BIED OPLEIDING EN ONTWIKKELING VIR ONS PERSONEEL

Ons personeellede is 'n kernbater wat ons die strategiese doelwitte van die Biblioteek en die Universiteit help bereik. Om te sorg dat ons tred hou met die immer veranderende behoeftes van die akademiese gemeenskap, was verdere vaardigheidsopleiding en beroepsontwikkeling hoofprioriteite in 2018. Personeel het hulle vaardighede opgeskerp deur formele studie, kursusse, opleidingsprogramme, die bywoon van geleenthede en deelname aan die bedryf.

Wat **formele studie** betref, het verskillende personeellede gestudeer vir:

- 'n PhD;
- magistergrade in Inligtingstegnologie (MIT) en Biblioteek- en Inligtingwetenskap (MLIS);
- 'n MSc in Rekenaarinligtingstelsels;
- nagraadse diplomas in onderskeidelik Kennis- en Inligtingstelselbestuur, en Biblioteek- en Inligtingwetenskap;
- honneurs- en baccalaureusgrade in Inligtingwetenskap;
- die Hoër Sertifikaat in Argief- en Rekordbestuur; en
- die Professionele Leerlingskap- (PLUS-)program op vlak 3 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Kursusse van die Kaapse Hoëronderryskonsortium (CHEC) het ons personeellede se kennis van projekbestuur, veerkragtigheid, arbeidsreg, konflikbestuur, onderhandeling en leierskap verbeter. Biblioteekpersoneel het ook die US se eie inligtingstegnologie- (IT-)opleidingsprogramme bygewoon om vaardigheid in MS Word, MS Excel, MS PowerPoint en MS Outlook te verseker.

'n Wye verskeidenheid **geleenthede** het personeel op hoogte gehou van die jongste ontwikkelings op die gebied van biblioteek- en inligtingwetenskap. Dit het ingesluit:

- die US se eie Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie;
- die konferensie van die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA) in Kaapstad;
- die 14^{de} Suid-Afrikaanse Aanlyn Inligtingsvergadering (SAOIM) in Pretoria;
- die internasionale dataweek wat die Datakomitee van die Internasionale Raad vir Wetenskap (CODATA) in Gaborone, Botswana, aangebied het;
- die konferensie oor Oop Bewaarplekke in Montana, Verenigde State;
- 'n "data carpentry"-konferensie in Dublin, Ierland;
- die Sabinet-kliëntekonferensie in Durban;
- die 13^{de} konferensie van die Internasionale Groep van Ex Libris-gebruikers (IGeLU) in Praag, Tsjeggiese Republiek;
- die nasionale konferensie van die Sentrum vir Hoëprestatieberekening in Kaapstad;
- die simposium van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens;
- die konferensie van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings en -instellings (IFLA) in Kuala Lumpur, Maleisië;
- ORCID ("Open Researcher and Contributor Identification") se Suid-Afrika-werksessie in Benoni;
- die CarpentryConnect-werksessie in Johannesburg;
- die kortkursus oor gemengde leer van die US se Sentrum vir Leertegnologieë;
- die gevorderde "Train the Trainer"-kommunikasiewerksessie by die US se Sentrum vir Onderrig en Leer; en

- die nasionale datawerksessie van die Data-intensiewe Navorsingsinisiatief van Suid-Afrika (DIRISA) by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), Pretoria.

Daarbenewens het personeellede **aktief deelgeneem aan die nasionale en internasionale biblioteek- en inligtingskundefedratief** deur te dien in:

- die raad van trustees van die Online Computer Library Center (OCLC) en die biblioteekadviesraad van die University of the People (albei in die Verenigde State), die IFLA-werkgroep oor digitale unifikasie, en die Sabinet-raad (Ellen Tise);
- IFLA se spesiale belangegroep oor groot data (Wouter Klapwijk);
- die verteenwoordigende raad van LIASA (Lizel Johnson); en
- die Sabinet-adviesraad (Lorenda Boyd, Philip de Villiers en Delene Pretorius).

BEVORDER AKADEMIESKAP DEUR PERSONEELPUBLIKASIES EN -AANBIEDINGS

Navorsingsuitsette deur personeel in 2018 het die volgende ingesluit:

- Boshoff, N, Basaza-Ejiri, HAD & Tise ER. 2018. *Internationally linked authors in Uganda, East Africa: an example of author-level bibliometrics for a developing country*. Science and Technology Indicators (STI) Conference Proceedings, bl. 1008–1017. Uitgegee deur die Sentrum vir Wetenskap- en Tegnologiestudie (CWTS).
- Klapwijk, Wouter. 2018. *An investigation into emerging practices for managing big data in research repository infrastructures*. Deel van 'n gesamentlike aanbieding deur die Navorsingsdatabestuurprojek van ilifu gedurende die SciDataCon-sessie "Multidissiplinêre data-infrastruktuur vir Suid-Afrikaanse navorsing" by die internasionale CODATA-dataweek, Gaborone, Botswana, 5–8 November.
- Malherbe, Natasja. 2018. *Alma & Primo UX: an AX (African Experience)*. Aanbieding by die 13^{de} IGeLU-konferensie, Praag, Tsjeggiese Republiek, 20–23 Augustus.
- Seyffert, Mimi, Dietrich, Keith & Liebenberg, Elri (samestellers). 2017. *Africa imagined | Africa explored: a selection of maps from the Hugh Solomon Collection*, Stellenbosch University Library, ontwerp deur Keith Dietrich, Hélène van Aswegen en Neil le Roux; gedruk en gebind deur Hélène van Aswegen. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

KOESTER 'N SORGSAME EN VERSORGDE PERSONEELKORPS DEUR GEMEENSKAP-UITREIKAKSIES, PERSONEELWELWEES EN -ONTWIKKELING

Om **Mandeladag** in Junie te gedenk, het ons personeellede 234 teddiebere gebrei, wat ons daarna aan die TygerBeer Stigting vir Getraumatiseerde Kinders en Gesinne geskenk het. Ander maniere waarop die Biblioteek 'n sosiale impak gehad het, was deur:

- 'n skenking van R800 aan, en hulp met die voorbereiding van toebroodjies vir, die veldtog **Toasties for Tummies**, wat ook deel was van ons Mandeladag-aktiwiteite;
- deelname aan die **US Lositdag**-program ten bate van persone met gestremdhede; en
- die insameling van 10 000 broodknipties ten bate van die inisiatief **Bread Tags for Wheelchairs**.

Personeellede het ook in die loop van 2018 ses **ontwikkelingsessies** bygewoon om hulle welwees en ontwikkeling te ondersteun. Dit het ingesluit sessies oor transformasie, die geskiedenis van die US Biblioteek as deel van die Universiteit se Eeufeeseviering, sowel as US-studente se uiteenlopende leerbehoefte en -gestremdhede, en hoe ons hulle kan ondersteun. Ons het ook aan die **jaarlikse US-pretloop** en die **US-sportdag vir personeel** deelgeneem.

3.3 BESKIKBAARHEID, VOLHOUBAARHEID EN OPSPOORBAARHEID VAN INLIGTINGSHULPBRONNE

VOORSIEN RELEVANTE ELEKTRONIESE EN GEDRUKTE HULPBRONNE


Ons materiaalbegroting bly onder druk. Weens onvoldoende jaarlikse verhogings in die begrotingsvoorsiening vir biblioteekhulpbronne moes ons die afgelope tyd al hoe meer van ons boektoekenning prysgee om ons intekenverpligtinge te kan nakom. Ons beskikbare hulpbronnegroting het in 2018 nie net met 'n verdere 10% gekrimp nie, maar moes ook die BTW-styging van 1% absorbeer.

Ander faktore wat 'n negatiewe impak op ons materiaalbegroting het, is die swak wisselkoers, sowel as die BTW-heffing van 14% op elektroniese hulpbronne sedert 2015. Verlaasgenoemde het 'n beduidende uitwerking aangesien elektroniese hulpbronne sowat 90% van ons materiaalbegroting uitmaak.

Om binne begroting te probeer bly, het ons sedert 2014 ons intekening op 'n aansienlike getal vaktydskrifte en databasisse gekanselleer gebaseer op die deeglike evaluering van ons intekenaanbod. Die uiters knap begroting het in 2018 'n bykomende maatreeël vereis, naamlik die kansellering van die omvattende Wiley-tydskrifpakket, wat voltekstoegang tot 1 451 tydskrifte gebied het. Hierdie kansellering sal in die jare wat voorlê nog 'n ingrypende uitwerking op navorsers hê, en kan selfs die US se navorsingsuitset negatief beïnvloed.


Figuur 1 en 2 toon onderskeidelik die verhoging in die jaarlikse begroting en die waarde van die rand vergeleke met die drie vernaamste geldeenhede, in albei gevalle vir die tydperk 2011–2018.

OORSIG VAN MATERIAALBEGROTING (RAND)



Figuur 1: Biblioteekmateriaalbegroting, 2011–2018

GEMIDDELDE RANDWISSELKOERS



Figuur 2: Waarde van die rand vergeleke met die drie vernaamste geldeenhede, 2011–2018

Ons kon nietemin ons intekening op 122 ander databasisse en tydskrifpakkette voortsit, wat ons kliënte voltekstoegang tot ongeveer 258 125 akademiese tydskriftitels gebied het.

Ons elektroniese hulpbronne het in die verslagjaar steeds goeie aftrek geniet. Soos tabel 1 toon, het gebruikers op die 25 gewildste databasisse alleen 1 819 282 voltekst-artikels afgelaai.

**VOLTEKSTOEGANG
TOT 258 125
VAKTYDSKRIFTE**

**122
DATABASISSE &
TYDSKRIFPAKKETTE**

TABEL 1: 25 GEWILDSTE DATABASISSE IN 2018 VOLGENS VOLLEDIGE TEKSTE AFGELAAI

Databasis/tydskrifpakket	Fakulteit	Volledige tekste afgelaai
ScienceDirect (Elsevier)	Algemeen	749 506
Taylor & Francis SSH- en S&T-tydskrifte	Algemeen	141 990
SpringerNature-tydskrifpakket	Algemeen	132 746
UpToDate	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (GGW)	98 005
ProQuest-bestuurspakket	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW)	70 260
Sage Premier-tydskrifversameling	Algemeen	59 829
HeinOnline	Regsgeleerdheid	56 070
Wiley- pasgemaakte versameling (94 tydskrifte, vanaf 2018)	Algemeen	54 441
IEEE/IET-tydskrifte en -konferensies	Ingenieurswese	48 201
Juta se South African Law Reports	Regsgeleerdheid	43 775
LexisNexis-regsdatabasis van Suid-Afrika	Regsgeleerdheid	38 821
Academic Search Premier (Ebsco)	Algemeen	37 553
ACS-publikasies (tydskrifte van die Amerikaanse Chemiese Vereniging)	Natuurwetenskappe	37 283
Clinical Key	GGW	37 195
Lippincott Williams & Wilkins- (LWW-) voltoegversameling	GGW	35 457
Emerald Management 120-pakket	Algemeen	29 304
IRESS	EBW	28 159
Business Source Premier (Ebsco)	EBW	23 430
Juta se SA Statutes & Regulations	Regsgeleerdheid	19 410
Cambridge University Press Online-tydskrifte	Algemeen	15 225
Juta se Civil Procedure Library	Regsgeleerdheid	14 786
Aanlyntydskrifpakket van die Amerikaanse Mikrobiologievereniging (ASM)	Natuurwetenskappe	14 522
Juta-e-tydskrifte	Regsgeleerdheid	11 420
SA Media	Algemeen	11 064
Royal Society of Chemistry (RSC) Gold	Natuurwetenskappe	10 830
Totaal		1 819 282


Hierdie 25 gewildste hulpbronne het ons R41 489 167 gekos, wat op gemiddeld R22,81 per afgelaai-de teks te staan kom. Tabel 1 sluit die JSTOR-tydskrifpakket uit, wat alle biblioteke in Afrika gratis ontvang. Hierdie digitale, multidisiplinêre pakket bevat die heel beste portuurbeoordeelde tydskrifte en is ewe gewild: Ons gebruikers het in 2018 altesaam 213 115 volledige tekste daarop bekom.

Ondanks die era van kitsinligting bly boeke vir vele fakulteite 'n belangrike hulpbron. En hoewel ons ons boektoekenning moes inkort om ons intekening op tydskrifpakkette te behou, kon ons steeds die afgelope jaar ons boekversamelings uitbrei, soos figuur 3 en 4 toon. Albei figure sluit boekskenkings in.

**798 508
GEDRUKTE BOEKE**


**15 141
E-BOEKE**

TOENAME IN GEDRUKTE BOEKVERSAMELING



Figuur 3: Toename in gedrukte boekversameling, 2013–2018

TOENAME IN E-BOEKVERSAMELING



Figuur 4: Toename in e-boekversameling, 2013–2018



VERBETER DIE OPSPOORBAARHEID EN TOEGANKLIKHEID VAN ONS HULPBRONNE

Ons het ons stelsels verder verbeter om te sorg dat ons kliënte inligtingsbronne doeltreffend kan opspoor en bekom. In samewerking met studente het ons die toeganklikheid van elektroniese hulpbronne vanaf mobiele toestelle getoets, waarna ons beter maatreëls kon instel om toegangsprobleme aan te meld. Ons het ook ons elektroniese hulpbrontoegangstelsel hersien om stelselstabiliteit en kubersekuriteit op te skerp. Daarbenewens het ons verdere inligtingshulpbronne by die Biblioteekatalogus ingesluit sodat gebruikers ooptoegangdatabasisse direk vanaf 'n enkele, bekende koppelvlak kan deursoek.

Die voortgesette toename in die getal US Biblioteek-gebruikers met mobiele toestelle het natuurlik ook 'n styging in die vraag na wyer en meer stabiele **koordlose toegang** meegebring. Daarom het ons in 2018 voorbereidings getref om die koordlose netwerk te verbeter. Om ontwinging en netwerk-onstabiele te beperk, sal die werk saam met die opknapping van die US Biblioteek geskied.

BENUT EN BREI SPESIALE VERSAMELINGS UIT

Ons Afdeling Spesiale Versamelings (Dokumentesentrum, Beskermdde Versameling en Africana-versameling) en DOMUS bied waardevolle inligting vir alle vlakke van navorsing. Die gebruik van hierdie versamelings het in 2018 weer op **verskeie navorsingsuitsette** uitgeloop, wat die volgende insluit:

Boeke

- Dreyer, Léanne et al. 2018. *'n Besonderse denkwysse: Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit Stellenbosch 1918-2018*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch, Fakulteit Natuurwetenskappe. (Hierdie boek het ook in Engels verskyn.)
- Giliomee, Hermann. 2018. *Always been here: the story of a Stellenbosch community*. Pinelands: Africana Uitgewers.
- Grundlingh, AM, Oosthuizen, Hans & Delpont, Marietjie (reds.). 2018. *Universiteit Stellenbosch 100: 1918-2018*. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. (Hierdie boek het ook in Engels verskyn.)
- Roos, Hilde. 2018. *The La Traviata affair: opera in the age of apartheid*. Oakland, Kalifornië: Universiteit van Kalifornië.
- Verwoerd, Wilhelm J. 2018. *Verwoerd aan die woord II: die laaste vier jaar*. Pretoria: Protea Boekhuis.



Artikels


- Brukman, Jeffrey. 2018. Bernard Smith van der Linde (1935-2015): a life in musicology. *South African Music Studies*, 36-37(1):21-51.
- Pistorius, Juliana M. 2018. Eoan, assimilation, and the charge of 'coloured culture'. *South African Music Studies*, 36-37(1):389-415.

Konferensiereferate

- Lambrechts, Lizabé. *Music and memory: singing at the free peoples concerts (1970-1992)*. 12^{de} jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Musieknavorsing (SASRIM), Departement Musiek, Universiteit van KwaZulu-Natal, Durban, 29 Augustus – 1 September.
- Pistorius, Juliana M. *Rites of reversal: Rigoletto at the Republic Festival of 1971*. 12^{de} SASRIM-jaarkongres, Departement Musiek, Universiteit van KwaZulu-Natal, Durban, 29 Augustus – 1 September.
- Roos, Hilde. *Protesting for and against those who didn't: the case of Eoan and the Nico Malan Theatre*. 12^{de} SASRIM-jaarkongres, Departement Musiek, Universiteit van KwaZulu-Natal, Durban, 29 Augustus – 1 September.

Tesise en verhandelings

- Stofberg, Rolene. 2018. *Anton Goosen se bydrae tot die Afrikaanse luisterliedjie*. Ongepubliseerde magistertesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Van Tonder, Ernst D. 2018. *A case study of orchestration techniques in Primavera by Arnold van Wyk*. Ongepubliseerde magistertesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Walters, Handri. 2018. *Tracing objects of measurement: locating intersections of race, science and politics at Stellenbosch University*. Ongepubliseerde doktorsale verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.




Ons het **geleentede en uitstallings** gebruik om ons seldsame materiaal en spesiale versamelings op die voorgrond te stel. Op 25 Januarie het ons 'n uitstalling oor die lewe en werk van die Suid-Afrikaanse komponis Graham Newcater in die voorportaal van die Musiekbiblioteek gehou. Die uitstalling, wat deur Santie de Jongh saamgestel is, het saamgeval met die Africa Open-instituut se uitvoering, film en lesing getiteld *Sapphires and serpents, Piano music by Graham Newcater*. Boonop het die bekende US-geskiedkundige prof Albert Grundlingh op 2 Maart ons jaarlikse Dokumentesentrumlesing met die tema "n Eeu in perspektief" by die Woordfees gelewer. Vir sy oorsig van bepalende oomblikke en historiese gebeure in die Universiteit se eerste 100 jaar het hy swaar op inligting uit ons versamelings gesteun.

Laastens het ons van Julie tot September oorspronklike drukkersplate en sketse uit die Marloth-versameling oor die Suid-Afrikaanse plantlewe uitgestal, wat groot waardering uitgelok het van die Kaapstadse Vereniging vir Bibliofiele toe hulle heel gepas op Lentedag by ons vergader het.



**1,2 MILJOEN
FISIESE
BANDE**



3.4 WÊRELDKLAS-, DIVERSE, INNOVERENDE EN KLIËNTGERIGTE DIENSTE

BESOEKE EN DOKUMENTLEWERING

Studente, personeelle en die algemene publiek het die US Biblioteek en die vyf takbiblioteke op die drie US-kampusse goed benut. Die totale getal besoeke het van 1 059 487 in 2017 tot 1 274 096 in 2018 toegeneem. Terselfdertyd het die benuttingskoers van seminar- en gesprekskamers in alle biblioteke van 46% in 2016 tot 57% in 2018 gestyg. Die gewildheid van die pas opgeknapte GGWB het veral tot hierdie toename in algehele besoeke bygedra – 'n bevestiging van die wêreldwye tendens dat heringerigte, opgeknapte akademiese biblioteke gesogte ruimtes is vir samewerkende leer.

Die getal items wat uitgereik is, het van 222 642 in 2015 tot 153 836 in 2018 gedaal. Dit bewys weer 'n ander kerntendens, naamlik die geleidelike verskuiwing na die gebruik van elektroniese hulpbronne.

KURRIKULUMGEÏNTEGREERDE E-LEER

Biblioteekgidse

Biblioteekgidse is elektroniese vakgidse wat verskillende soorte inligting oor 'n bepaalde vak saamvoeg. Ons biblioteekgidse is in 2018 'n allemintige 202 609 keer besigtig. Fakulteitsbibliotekaris het voortgegaan om e-leertegnologieë te gebruik om ons aanlyn onderrigvoetspoor te vergroot. Voorbeelde sluit in Camtasia- en iSprings-video's, laasgenoemde met vasvrae daarby ingesluit, vir Ondernemingsbestuur 142 en Staatsreg 271, wat ons bibliotekaris op YouTube gelaai en deur die ooreenstemmende biblioteekgids beskikbaar gestel het.




202 609
BESIGTINGS VAN
BIBLIOTEEKGIDSE

TABEL 2: GETAL BESIGTINGS VAN DIE 20 GEWILDSTE BIBLIOTEEKGIDSE, 2018

PLEK	TITEL VAN BIBLIOTEEKGIDS	BESIGTINGS
1	Doeltreffende inligtingsopsporing, -toegang en -gebruik: 'n stapsgewyse gids	54 188
2	Regs- en regeringspublikasies	27 043
3	Buitekampustoegang vir geregistreerde Stellenbosch-gebruikers	18 921
4	Nagraadse en navorsersgids	11 732
5	Verwysingstegnieke	11 407
6	Sielkunde	5 020
7	Opvoedkunde	3 949
8	Chemie en Polimeerwetenskap	3 815
9	Teologie	3 652
10	Die navorsingsproses	3 570
11	Fisiologiese Wetenskappe	3 262
12	Wetenskap in konteks – BSc-eerstejaarmodules	3 130
13	Ekonomie	2 836
14	Mendelej	2 780
15	Politieke Wetenskap	2 705
16	SENWET: Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap, Evaluasie en Tegnologie	2 425
17	Maatskaplike Werk	2 232
18	Ondememingsbestuur	2 209
19	Afrikaans en Nederlands	1 966
20	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	1 946
	Totaal	168 788

Interessant genoeg was vakspesifieke gidse in 2018 klaarblyklik gewilder as voorheen. Die gewildste tien biblioteekgidse het vir die eerste keer vyf vakverwante gidse ingesluit (Regsgeleerdheid, Sielkunde, Opvoedkunde, Chemie en Polimeerwetenskap, en Teologie), terwyl 'n verdere vier vakverwante gidse onder die top-20 was (SENWET, Maatskaplike Werk, Afrikaans en Nederlands, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe).



Voorgraadse studente

Ons werk om e-leer te ondersteun vir die implementering van die Universiteit se Modus 2 (d.w.s. aanlyn afstandslereer) te ontwikkel gaan volstroom voort noudat ses fakulteite met ons saamwerk om voorgraadse e-leer te ondersteun. Om hiertoe by te dra, het fakulteitsbibliotekarisse kurrikulumgeïntegreerde e-gidse oor inligtingsgeletterdheid opgestel vir:

- Inligtingsvaardighede 172 en 174;
- Politieke Wetenskap 114;
- Taal- en Denkvaardighede 114;
- Professionele Kommunikasie 113;
- Romeinse Reg 271;
- Wetenskap in Konteks 178; en
- Argeologie van die Antieke Wêreld ONT 324, 114 en 144.

Altesaam 4 016 voorgraadse studente – 163 meer as verlede jaar – het assesserings voltooi oor die inligtingsgeletterdheidsvaardighede wat hulle deur ons opdragspesifieke gidse opgedoen het. En deur 'n groter aantal biblioteekgidse te bied wat aan spesifieke modules op SUNLearn gekoppel is, het ons 12 945 besigtigings aangeteken – 51% meer as in 2017.

TABEL 3: MODULESPESIFIEKE VOORGRAADSE E-LEER IN VENNOOTSAP MET FAKULTEITE

Deelnemende fakulteit	Module	2018			2017		
		Studente ingeskryf	Besigtigings	Studente geassesseer (kurrikulumgeïntegreerde biblioteekopleiding)	Studente ingeskryf	Besigtigings	Studente geassesseer (kurrikulumgeïntegreerde biblioteekopleiding)
AgrWetenskappe	Wingerd- en Wynkunde-literatuursoekwenke				275	67	67
Lettere en Sosiale Wetenskappe	Inligtingsvaardighede 172 & 174	1 504	95	1 504	2 130	264	1 855
	Sielkunde 144	1 118	1 337				
	Politieke Wetenskap 114	390	264	390			
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Ekonomie 244, 348 & 318	1 006	930				
	Ekonomie 214	697	266		676	687	
	Taal- en Denkvaardighede EBW 114	112	106	112	115	230	115
	Openbare en Ontwikkelingsbestuur 314				78	45	
	Logistiek 354	158	59				
	Bedryfsielkunde-opstelle 224	309	22				
	Ondememingsbestuur 113		343		1 800	1 272	
Ondememingsbestuur 142	1 550	235		250	142		
Ondememingsbestuur 244	600	888					
Ingenieurswese	Professionele Kommunikasie 113	920	910	920	890	820	890
Regsgeleerdheid	Romeinse Reg 271	80	335	80	120	167	
	Staatsreg 271	250	1 265				
Natuurwetenskappe	Wetenskap in Konteks-biblioteekgidse 178	807	2 963	807			
	Wetenskaplike Kommunikasie-vaardighede 172				800	3 918	800
	Wetenskaplike Kommunikasie-vaardighede 116	106	1 067		126	691	126
	Eerstervierprojek vir die module "Universiteitspraktyke"				128	153	
	Rekenaarvaardighede 272				100	130	
	Chemie-verwysingsbiblioteekgidse vir PIC-module	106	1 304				
Teologie	Argeologie van die Antieke Wêreld ONT 324, 114 & 144	203	556	203			
Totaal		9 916	12 945	4 016	7 488	8 586	3 853



Nagraadse studente en navorsers

Ons het heeljaar aanlyn opleiding en 'n omvattende program van werksessies en klasse aangebied om nagraadse studente en navorsers noodsaaklike navorsingsvaardighede te help ontwikkel.

Fakulteitsbibliotekarisse het hulle samewerking met die Fakulteit Teologie voortgesit en ook nuwe vennootskappe met die fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde sowel as Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe gesmee om 12 modulespesifieke biblioteekgidse te skep. Deur hierdie gidse op SUNLearn te koppel, het ons 1 004 nagraadse studente in staat gestel om deur bestaande fakulteits- of departementele gidse daartoe toegang te verkry.

Ons samewerking met die Fakulteit Teologie het op die eerste kurrikulumgeïntegreerde e-gids oor inligtingsgeletterdheidsvaardighede uitgeloopt. Al 297 nagraadse Teologiestudente het assesserings voltooi oor die inligtingsvaardighede wat hulle sodoende opgedoen het. Studieleiers het ook goeie resultate aangemeld vir studente wat die Teologienavorsingsversameling in die nagraadse e-navorsingsgids gebruik het.

Om die implementering van die Universiteit se Modus 2 te ondersteun, sal ons in 2019 daarop konsentreer om meer e-leermateriaal te skep vir nagraadse studente wat nie opleidingsessies in persoon kan bywoon nie.

TABEL 4: MODULESPESIFIEKE NAGRAADSE E-LEER IN VENNOOTSKAP MET FAKULTEITE

Deelnemende fakulteit	Module	Studente ingeskryf	Besigtigings	Studente geassesseer (kurrikulum-geïntegreerde biblioteekopleiding)
Lettere en Sosiale Wetenskappe	Nagraadse Diploma in Toegepaste Etiek 788	33	40	
	Sosiologie 778 & Sosiale Antropologie 778	46	14	
	Maatskaplike Werk 778, 978 & 879	100	108	
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Bedryfsielkunde 899, 778 & 779	57	43	
	Statistiek & Aktuariële Wetenskap 791	50	47	
	Skool vir Publieke Leierskap se Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur 778	35	101	
	Skool vir Publieke Leierskap se Nagraadse Diploma in Volhoubare Ontwikkeling 771	60	101	
	Ondememingsbestuur 778	60	32	
	Honneurs in Bestuursrekeningkunde (CIMA)	60	237	
Opvoedkunde	Generiese nagraadse gids vir Opvoedkunde	105	112	
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Generiese nagraadse gids vir Geneeskunde	101	43	
Teologie	Teologiegids vir nagraadse studente	297	343	297
Totaal		1 004	1 221	297

VERBETER BIBLIOMETRIESE DIENSTE

Ons Afdeling Navorsingsimpak en die Navorsingsentrum het met fakulteitsbibliotekarisse saamgewerk om 'n meer proaktiewe bibliometriese diens, per departement sowel as per individuele navorser, te lewer. Die Departement Bedryfsingenieurswese het as toetsterrein gedien.

Bibliometriese dienste hou 'n aantal voordele in. Die voorsiening van bibliometriese verslae en die ontleding van publikasie- en sitaatprofile stel ons in staat om navorsers raad te gee oor waar om te publiseer en hoe om hulle én hulle departemente se navorsingsimpak te vergroot.

OPLEIDING VIR NAGRAADSE STUDENTE EN NAVORSERS

Ons het 20 werksessies vir nagraadse studente en navorsers aangebied wat die hele navorsingslebensiklus gedek het. Altesaam 677 studente en navorsers het deelgeneem. Die gewildste werksessies was "Verbeter jou literatuursoekstrategie", "Mendeley vir verwysings en akademiese skakeling", "Wenke oor tesisformatering" en "Die opsporing van regeringstatistieke".


In ons voortgesette strewing na vernuwing het ons ook ons eerste aanlyn werksessie met behulp van 'n SCORM- ("Sharable Content Object Reference Model")-pakket op SUNLearn bekend gestel. Sodoende kon studente vir 'n week in Maart toegang tot die aanlyn weergawe van die gewilde werksessie "Verbeter

jou soekstrategie" bekom, en 39 deelnemers het uiteindelik ingeskryf. Die drie YouTube-video's wat deel was van die SCORM-pakket is 216 keer besigtig en studente kon dit op 'n weg van die kampus bekom. Deelnemerterugvoer was uitstekend, en die intervensie het blykbaar die gewenste uitwerking gehad. Dit maak interaktiewe aanlyn werksessies 'n haalbare moontlikheid om in die toekoms in samehang met Camtasia-opnames van die verskillende opleidingsessies vir nagraadse studente en navorsers te ondersoek.


UNIEKE OUTEURSIDENTIFIKASIE (ORCID)

Die US het in 2018 na ORCID API 2.0 opgegradeer. ORCID het ook vroeër in die jaar 'n taakgroep van stapel gestuur om aanbevelings te doen oor hoe ORCID-integrasie by bewaarplekke ondersteun kan word. Hulle voorstelle sal bepalend wees vir ons werk om ORCID by die US se institusionele bewaarplek te integreer, wat in 2019 spesiale aandag sal ontvang.

Teen Oktober 2018 het 1 610 US-personeellede en -studente hulle identiteite aan die ORCID-stelsel gekoppel. Figuur 5 en 6 ontleed hierdie syfer volgens onderskeidelik kliëntipe en fakulteit.




Figuur 5: Getal US-gekoppelde ORCID-identiteite volgens kliëntipe, 2018



Figuur 6: Getal US-gekoppelde ORCID-identiteite volgens fakulteit, 2018

Ons het deelgeneem aan die jaarlikse ORCID-werksessie – 'n inisiatief van ORCID en TENET (die administratiewe liggaam vir die ORCID Suid-Afrika-konsortium) – waar ons ingenome was om te hoor dat die US met die meeste navorsers met 'n ORCID-identiteit in Suid-Afrika spog (figuur 7). Dít is danksy ons direkte e-posbemarking van die ORCID-integrasie op kampus sedert 2015, bewusmakingspraatjies by fakulteitsraadvergaderings, en persoonlike bystand deur ons personeellede.



Figuur 7: Persentasie ORCID-identiteite in Suid-Afrika per universiteit/navorsingsinstelling met lidmaatskap van die ORCID Suid-Afrika-konsortium (data met vergunning van TENET en die ORCID Suid-Afrika-konsortium)

BIBLIOTEEKNAVORSINGSWEEK

Ons sesde Biblioteeknavorsingsweek, wat van 30 Julie tot 3 Augustus plaasgevind het, was op ontluikende navorsers en nagraadse studente van die US afgestem, en het die tema **“Navorsing in aksie”** ondersoek. Deelnemers is toegerus met praktiese kennis oor kernnavorsingsaspekte, soos hulle literatuursoekstrategie, die skryf van 'n navorsingsvoorstel, kopiëregkwessies en navorsingsdatabestuur. Sessies het ingesluit:

- “Bestuur jou verwysings met Mendeley”;
- “Versterk jou aanlyn identiteit en impak as 'n navorser: ORCID en meer”;
- “Dataverspreiding deur 'n institusionele bewaarplek”;
- “Wanneer is kopiëreg kopieverkeerd?”;
- “Welwees gedurende die navorsingsproses”;
- 'n praktiese sessie oor datasuiwering met OpenRefine.

Die gasspreker by die openingsgeleentheid was prof Jonathan Jansen, uitgelese professor in die Fakulteit Opvoedkunde. Sy toespraak was getiteld “Navorsing as 'n intellektuele aktiwiteit – die etiek en politiek van die gejaag na navorsingsuitsette”. Hy het ook 'n paneelbespreking oor die hoogte- en laagtepunte van US-navorsing oor die afgelope eeu gelei.

Die formele **bekendstelling van die digitale Marloth-versameling** het saamgeval met ons Navorsingsweek. Rudolf Marloth is bekend vir sy meesterstuk *The Flora of South Africa*, wat hy tussen 1912 en 1932 saam met botaniese kunstenaars soos Ethel May Dixie en Esther Smith saamgestel het. Ons was bevoorreg genoeg om die oorspronklike illustrasies en drukkersplate sowel as handgeskrewe aantekeninge van die Marloth-familie te ontvang. Hierdie kosbare versameling maak nou deel uit van ons SUNDigital Collections. Sprekers by die bekendstelling was onder meer die plantkundige dr Piet Vorster, botaniese kunstenaar Vicki Thomas en evolusionêre ekoloog prof Anton Pauw.


Laastens het die **Fakulteit Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe** vir die eerste keer in die geskiedenis van Biblioteeknavorsingsweek hulle eie weergawe van die geleentheid in hulle spoggerige nuwe GGWB aangebied.

DIGITALE AKADEMIESKAP

Ons het in 2018 toenemend gebruik gemaak van vakkundige ooptoegangsinisiatiewe om die Universiteit se navorsingsuitset te bewaar en sy internasionale teenwoordigheid te versterk.

Ons ooptoegang- institusionele bewaarplek, **SUNScholar**, het aanhou groei. Personeellede en studente het 2 223 uitsette bygevoeg, waarvan 1 142 tesisse en verhandelings was, en die res hoofsaaklik navorsingsartikels deur US-outeurs. Figuur 8 toon die volgehoue uitbreiding van die bewaarplek oor die afgelope vier jaar:


TOENAME IN NAVORSINGSUITSETTE OP SUNScholar



Figuur 8: Toename in navorsingsuitsette op SUNScholar, 2015-2018

Besoekers aan die bewaarplek was ewe aktief. SunScholar het in 2018 altesaam 594 000 besoeke aangeteken, en 259 000 unieke items is afgelaai. Meer as 40% van hierdie besoeke was deur gebruikers op die Afrikavasteland (figuur 9).

BESOEKE AAN SUNScholar VOLGENS VASTELAND



Figuur 9: Besoeke aan SUNScholar volgens vasteland, 2018

Boonop het ons die US se institusionele navorsingsuitset verder ten toon gestel deur 97 bydraes deur US-outeurs in die 25 ooptoegangtydskrifte op ons **SUNJournals**-platform te plaas. Die nuwe, US-geaffilieerde *Journal of Emerging African Scholarship* is ook intussen by SUNJournals ingesluit. Die leserstal van hierdie tydskrifte is sterk aan die toeneem: Die tydskrifwebtuistes het in 2018 gesamentlik 384 613 besoeke ontvang vergeleke met 263 279 in 2017.


Ook ons digitale erfenisbewaarplek, **SUNDigital Collections**, het verder aangegroei (sien figuur 10) en bevat nou 12 917 items in 30 versamelings. Hierdie bewaarplek is waar ons unieke biblioteekhulpbronne en spesiale versamelings ten toon stel en beskerm. Van die belangrike versamelings wat ons in 2018 bygevoeg het, was die Rudolf Marloth-versameling, sowel as gedigitaliseerde soekhulpmiddels vir verskeie van ons dokumentversamelings. Die bewaarplek het 14 275 besoeke vir die jaar aangeteken, en 9 908 items is afgelaai.

 **25**
TYDSKRIFTE OP
SUNJournals


 **384 613**
BESOEKE AAN
SUNJournals

 **14 275**
BESOEKE AAN
SUNDigital Collections

TOTALE GETAL ITEMS IN SUNDigital Collections



Figuur 10: Totale getal items in SUNDigital Collections, 2014-2018




NAVORSINGSDATABESTUUR (NDB)

NDB is die proses om navorsingsdata gedurende sowel as ná 'n navorsingsprojek doeltreffend te organiseer, te struktureer, te bewaar en te versorg. Die Biblioteek het in 2018 aansienlik gevorder met die implementering van 'n institusionele navorsingsdatabewaarplek, die skryf van riglyne om die bewaarplek te gebruik, en die voltooiing van 'n IT-sekureiteitsbeoordeling. Die US Navorsingsdatabewaarplek (SUNRDR), wat ons op die Figshare-platform gebou het, behoort teen die begin van 2019 gereed te wees vir gebruik. Ons het ook NDB-webblaaie geskep en opleiding- en inligtingsessies oor NDB vir personeellede en studente aangebied.

Ons het vanjaar **Internasionale Ooptoegangweek** – die laaste week van Oktober – gevier met 'n vertoning van die dokumentêre *Paywall: the business of scholarship*, gevolg deur 'n paneelgesprek. Hierdie film, wat sowel ooptoegangkampvegters as akademië gaande het, ondersoek die behoefte aan oop toegang en kritiseer korporatiewe akademiese uitgewers se buitensporige winsgrense.

Die **Ooptoegangpublikasiefonds** het die outeursfooie van 137 artikels ter waarde van R1 112 653 help betaal. Sedert die fonds in 2009 tot stand gebring is, het dit 682 artikels ter waarde van R7 602 275 gefinansier. Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe bly die produktiefste gebruiker van die fonds (42,5%), met die fakulteite Natuurwetenskappe en Teologie in tweede en derde plek.



Adapted by a post of Michael Walker on 28 November 2013

KLIËNTETERUGVOER

Om 'n al hoe meer innoverende, diverse en kliëntgerigte diens van wêreldgehalte te lewer, het ons met kliënte geskakel om te hoor hoe hulle ons diens ervaar. Ons het byvoorbeeld witborde by die US Biblioteek en takbiblioteke aangebring sodat kliënte met ons oor maandelike diensverbeteringe kon kommunikeer. Ons het ook 'n aanlyn evalueringvorm by e-leermodules in biblioteekgidse ingesluit. Die plan is om in 2019 fokusgroepgesprekke te hou om ons kliënte se opvattinge van, en behoeftes met betrekking tot, ons navorsingsteundienste te bepaal.

3.5 SAMEWERKINGSVERHOUDINGS MET BELANGHEBBENDES

Ons het deur die hele jaar doelspesifieke **afvaardigings en besoekers** ontvang, waaronder die volgende:

- Dr Ayanda Lebele, Biblioteekdirekteur: Botswana Internasionale Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie, 22-23 Januarie
- Me Audrey Mhlanga, Universiteitsbibliotekaris: Bindura Universiteit vir Wetenskaponderwys, Zimbabwe, 6 Februarie
- Drie navorsingsbestuurders van verskillende instellings in Namibië en Botswana, 8 Mei
- Besoekers van die Hervormde Kerk, Zimbabwe, 24 Mei
- Dr Dhaya Naidoo en me Anke McCallum van die Tshwane Universiteit vir Tegnologie, oor hulle biblioteekruimtebeplanningprojek, 30 Mei
- Besoekers van die Switserse ambassade en IDASA-argief, 11 Junie
- Mnr Excellent Hachileka en me Marie-Claire Angwa van die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram, wat op besoek was aan die Navorsingsalliansie vir Ramp- en Risikovermindering (RADAR) by die US, 20 Junie
- Mnr Jasper Lee Maenzanise, Instituutbibliotekaris: Harare Instituut vir Tegnologie, 5-16 November
- Me Kate Robinson en mnr Alex Ball, onderskeidelik Universiteitsbibliotekaris en Navorsingsdatabibliotekaris: Universiteit van Bath, Verenigde Koninkryk, 12-16 November

Ons volgehoue vennootskap met die **Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC)** het ons sowat R99 miljoen in intekengeld help spaar. In ruil daarvoor het ons SANLiC-diensfooie en -ledegeld slegs R142 874 beloop.



Daarbenewens het ons ons deelname aan die **Wes-Kaapse Vlak 2-datanoduskonsortium (ilifu)** voortgesit. Uitkomstesluit in 'n konsepbeleid oor navorsingsdatabestuur en oop wetenskap om navorsers en wetenskaplikes wat die ilifu-fasiliteit gebruik, te ondersteun. 'n Konsepdokument oor werkgeïntegreerde leer het ook die lig gesien. Dié dokument bied deelnemende universiteite inligting oor die plasing van nagraadse studente en midloopbaanberoepsplui in die verskillende ilifu-navorsingsprojekte om ervaring in aspekte van datawetenskap en NDB op te doen.

Die Kaapse Biblioteekonsortium (CALICO) is teen die einde van 2018 herdoop tot die **Kaapse Hoëronderwysbiblioteeknetwerk (CHELiN)**. Die onderlinge uitleenooreenkoms tussen die vier Wes-Kaapse universiteite as deel van dié netwerk het nietemin onveranderd voortgeduur en steeds aansienlike waarde toegevoeg. 'n Koerierdiens lewer elke dag geleende materiaal by die kampusse van die vier instellings af.

Danksy ons uitgebreide vennootskapsnetwerk het die eer ons ook te beurt geval om oor die volgende twee jaar as gasheer vir twee internasionale konferensies op te tree, naamlik die **15^{de} Oopbewaarplekkonferensie** in 2020 en die **kongres van die Internasionale Vereniging vir Musiekbiblioteke, -argiewe en -dokumentasiesentrums** in 2021.

R99 MILJOEN
IN INTEKENGELD GESPAAR
WEENS SANLiC LIDMAATSKAP

ANDER AKTIWITEITE

04

US OPEDAG

Op 24 Februarie het ons meer as 1 042 voornemende studente en hulle ouers vir die US Opedag ontvang. Besoekers kon kies tussen 'n kort begeleide toer deur ons fasiliteite óf om dit teen hulle eie tempo te verken.

DIE PUBLIKASIE VAN AFRICA IMAGINED | AFRICA EXPLORED

Africa Imagined | Africa Explored is 'n handgebinde boek met 'n uitgesoekte aantal kaarte uit ons Hugh Solomon-versameling. Ons Senior Direkteur, me Ellen Tise, het in November eksemplaar nommer 4 van 'n beperkte oplaag van tien aan die Biblioteek van die Amerikaanse Kongres in Washington DC oorhandig. Die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika het ook met hulle tweede eeufees in Junie 'n genommerde eksemplaar ontvang.

Die boek is in 2017 voltooi en is gegrond op die historiese Africana-kaartversameling van Hugh Solomon, wat ons in ons Afdeling Spesiale Versamelings bewaar. Die publikasie vier die navorsing- sowel as die skoonheidswaarde van hierdie kaarte en is die produk van 'n spesiale samewerkingprojek tussen die Biblioteek en die US se Departement Visuele Kunste.

Deel 1 van die werk bied agtergrond oor die Hugh Solomon-kaartversameling. Dit bevat ook twee opstelle – een oor vroeë kartografie deur prof Keith Dietrich, uitgelese professor in Visuele Kunste aan die US, en nóg een oor verskillende karteringstelsels deur prof Elri Liebenberg, emeritus professor in Geografie van Unisa. Deel 2 bevat uitvoerige afbeeldings en beskrywings van 20 belangrike kaarte uit die versameling, wat Mimi Seyffert-Wirth, ons Adjunkdirekteur: Digitale Akademieskap saamgestel het, sowel as 'n fotokatalogus van die hele versameling. Die kaartversameling is toeganklik in SUNDigital Collections by <http://digital.lib.sun.ac.za/handle/10019.2/653.handle/10019.2/653>.



Figuur 11: Kaap die Goeie Hoop-seekaart, 1726, uit die Hugh Solomon-kaartversameling, <http://hdl.handle.net/10019.2/838>




EEUFESUITSTALLING

Die Biblioteek se bydrae tot die viering van die US se 100^{ste} bestaansjaar was 'n Eeufeesuitstalling, wat ons op 27 Julie in die US Biblioteek bekend gestel het. Hierdie blik op die US se verlede en hede het uit foto's en items uit verskillende versamelings en publikasies bestaan. Dit het die temas "Biblioteekdiens – toe en nou", "Die studentelewes – die gees van die tye" en "Matiesport – kampioene toe en nou" aangevoer. Ons het die uitstalling selfs interaktief gemaak met 'n QR-kode wat aan 'n webblad gekoppel was.

Een van die vele interessante stukke wat te sien was, was 'n verklaring van die oorsprong en betekenis van "Maties", soos Stellenbosse studente bekend is. Volgens 'n inskrywing in 'n notaboek oor studentetaal deur prof JJ Smith kom die term van die informele Afrikaanse aanspreekvorm "maat".

Daardie aand het ons ook 'n skemerkelkontraal vir 95 van ons huidige en afgetrede personeellede aangebied om die US se Eeufees verder te vier.



Figuur 12: Notaboekinskrif uit JJ Smith-versameling, Dokumentesentrum, MS 333.N.2(25)



BIBLIOTEEKSIMPOSIUM

Meer as 160 deelnemers van sewe lande het ons 15^{de} Universiteit Stellenbosch Biblioteeksimposium bygewoon. Die tema van die geleentheid, wat van 15 tot 16 November by STIAS plaasgevind het, was "Slimmer biblioteke: Die gebruikerervaring ('UX') in aksie". Die hoofspreeker, mnr Ned Potter, het die verrigtinge afgeskop met 'n insiggewende praatjie oor UX-navorsing en -implementering by die biblioteek van die Universiteit van York. Die daaropvolgende drie simposiumsessies het elk belangrike UX-verwante temas ondersoek.

Die sessie "**Slimmer biblioteke deur tegnologie**" het 'n praatjie ingesluit deur mnr Lars Binou van die Tegniese Universiteit van Denemarke oor hulle biblioteek, wat hulle "'n lewende laboratorium van die internet-van-dinge" noem. Sy verduideliking van hoe hulle sensors gebruik om die gewildste areas in die biblioteek te bepaal, het die gehoor veral geboei. Op hulle beurt het mnre Alex Ball (Universiteit van Bath) en Samuel Simango (US Biblioteek) 'n aanbieding gedoen oor 'n samewerkingsprojek om 'n NDB-speletjie te ontwerp. In die gleuf "**Slim biblioteekontwerp: ruimtes**

en fasiliteite" het die argitek Roelof Rabe die US se opgeknapte GGWB ten toon gestel, terwyl 'n GGWB-gebruiker, dr Elsje-Márie Geldenhuys, oor haar ervaring van die heringerigte fasiliteit gesels het. Me Abeer Al Kuwari van die Nasionale Biblioteek van Katar het die gehoor ook van hulle indrukwekkende, ultramoderne nuwe biblioteek vertel. Die laaste sessie, "**Gebruik UX-navorsing vir slimmer dienste en hulpbronne**", het gehandel oor die insluiting van diversiteit by UX-navorsing, UX-briewe, sowel as die gebruik van gevorderde denke om UX voort te dryf.

Die simposium het afgesluit met 'n paneelgesprek deur van die vernaamste sprekers by die geleentheid. Volgens die terugvoer was afgevaardigdes veral beïndruk met die simposiumtema en die inhoud van die aanbiedings.



Prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch, het die 15^{de} Universiteit Stellenbosch Biblioteeksimposium geopen

05

SLOTOPMERKINGS

Hoewel ons dankbaar is om etlike prestasies te kan vier, kan ons nie op 2018 en, trouens, die afgelope 100 jaar terugkyk sonder om ook die aandag op ons uitdagings te vestig nie. Ons begroting bly onder druk. Sowat 90% van ons hulpbronne kom van buite Suid-Afrika, wat ons kwesbaar maak vir 'n swak, onstabiele wisselkoers. Die moontlike onvermoë om die US-navorsingsgemeenskap van voldoende toegang tot goeie hulpbronne te voorsien is vir ons 'n beduidende risiko. Een manier waarop ons juis dít probeer voorkom, is deur die wêreldwye verskuiwing na oop toegang te ondersteun, wat druk uitoefen om gepubliseerde navorsing buite uitgewers se betaalmure toeganklik te maak.

In plaas van blote voorsiens van inligtingshulpbronne, weet ons akademiese biblioteke sal voortaan al hoe meer as fasiliteerders van kennisverwerwing deur leer, onderrig en navorsing optree. Weens IT-voortgang en die internet moes akademiese biblioteke die afgelope dekade op beduidende verskuiwings in vakkundige kommunikasie reageer. Dít het digitale akademieskap 'n kerndeel van ons hedendaagse akademiese realiteit gemaak.

Nogtans het die biblioteek as 'n fisiese ruimte sy aantrekkingskrag behou. Dít weet ons vanweë die al hoe groter vraag na verlengde biblioteekure, selfs al is virtuele hulpbronne sowel op as weg van die kampus beskikbaar. Daarom gaan ons voort om ons biblioteke op te knap, nuut in te rig en in tegnologievriendelike ruimtes te omskep wat samewerkende navorsing en leer fasiliteer.

Die Biblioteek is steeds goed toegerus om voortgesette navorsingsteun met betrekking tot digitale akademieskap, bibliometrie en navorsingsimpak te bied. Toekomstige tendense wat ons sal dophou, is die desentralisasie van die web, verspreide berekening en berging, dataontleding, kunsmatige intelligensie, en kennisgrafiekinfrastruktuur. Ons glo hierdie ontwikkelings sal heel waarskynlik 'n ingrypende invloed op ons toekomstige strategieë, bedrywighede en dienste hê. Intussen werk die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens onverpoosd om die digitale vaardighede te ontwikkel en die gereedskap te bou om inligting doeltreffend op te spoor, te verbind en te integreer, en sodoende nuwe kennis ter ondersteuning van die Universiteit se akademiese en navorsingsmissie te skep.

LEDE VAN DIE BIBLIOTEEKKOMITEE VAN DIE SENAAT IN 2018

Prof TE Cloete (Viserektor: Navorsing, Innovasie
en Nagraadse Studie, en komiteevoorsitter)

Prof PA Brink

Prof MI Cherry

Prof JE du Plessis

Prof N Gey van Pittius

Prof LC Jonker

Prof P Meyer

Me T Overmeyer

Prof E Strauss

Me ER Tise (Senior Direkteur: Biblioteek-
en Inligtingsdienste)

Dr A van der Merwe (plaasvervanger vir die
Viserektor: Leer en Onderrig)

Prof B Watson

Mnr L Nkamisa (verteenwoordiger van
die Studenteraad)

Me I de Lange (sekretaris)

library.sun.ac.za/af-za

Biblioteek- en Inligtingsdiens
Universiteit Stellenbosch Biblioteek
Privaatsak X5036
Stellenbosch 7599
Suid-Afrika

Tel +27 21 808 4876

Faks +27 21 808 3723